



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit **VIER AFDELINGS**:

Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B Opsomming (10 punte)
Afdeling C Poësie (30 punte)
Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)
 3. Beantwoord al die vrae.
 4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
 6. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genummer is.
 7. **ALLE** vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-

AFDELING A LEESBEGRIP**VRAAG 1 KOERANTARTIKEL**

Lees die volgende twee artikels en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**KZN-MEISIE GEKRITISEER OOR FOTO'S TERWYL SY RY /
VERKEERSOWERHEDE BRIESEND OOR "ONVERANTWOORDELIKE" SELFIE**

- 1 Die Departement van Vervoer in KwaZulu-Natal het woedend gereageer nadat 'n student 'n foto van haarself geneem het terwyl sy op die N3-hoofweg ry. Sy het daarby geskryf: "Ek het gister 'n selfie geneem terwyl ek op die N3 gery het. Ek het aanhoudend na die kamera gekyk en vergeet om my oë op die pad te hou. Ek dink ek het dit eindelijk reggekry om 'n goeie selfie te neem terwyl ek bestuur, maar ek lyk steeds baie bang."
- 2 Die Departement van Vervoer het Nicci Redelinghuys "onverantwoordelik" genoem. Die foto het soos 'n veldbrand op sosiale media-netwerke versprei en baie kritiek gekry.
- 3 Redelinghuys het teruggekap deur nóg foto's van haarself op te laai waar sy bestuur. Sy het Woensdag by die eerste foto's mense gekritiseer: "Ongelukkig verstaan party mense nie dat ek soos 'n professionele bestuurder bestuur nie. Danksy my pa, drie keer 'n SA tydrenkampioen."
- 4 Nathi Sukazi, woordvoerder van die Departement van Vervoer in KwaZulu-Natal, het gesê dié soort gedrag van motoriste stel ander padgebruikers se lewens in gevaar. "Ons moet almal 'n standpunt inneem om dié onwettige, selfdoodgerigte en onverantwoordelike gedrag stop te sit en motoriste mooi vra om dit nie te doen nie."
- 5 Die Justice Project South Africa het Redelinghuys se foto op Twitter hertwiet en gesê: "Is almal so dom? Moet nie antwoord nie, dis 'n retoriese vraag."
- 6 Redelinghuys kon nie deur News24 vir kommentaar bereik word nie.

[Artikel saamgestel en verwerk uit: *Die Burger, Beeld*, Donderdag 9 April 2015]




Foto A



Foto B

**"SELFIE" AGTER STUUR: STUDENT VRA VERSKONING, SÊ SY HET
"BAIE SKADE AANGERIG"**

- 1 Die student van Durban wat 'n reeks selfies geneem het terwyl sy agter die stuurwiel van haar voertuig op die N3-hoofweg in KwaZulu-Natal was, het die publiek om verskoning gevra vir haar optrede en sê sy het haar les geleer. Sy ontken ook nou dat sy die foto's geneem het terwyl sy bestuur het, en ook dat dit op die N3 was.
- 2 Nicci Redelinghuys (20) sê dit was 'n onskuldige private grap wat uit verband geruk is. "Ek glo ek het baie skade aangerig en op die harde manier 'n les geleer." Dit het die Departement van Vervoer in KwaZulu-Natal en ook talle gemeenskapsveiligheidsgroepe omgekrap en sy is sterk daarvoor gekritiseer. Redelinghuys se pa het Donderdag aan News24 gesê hy het haar selfoon en motor gekonfiskeer en haar sosialemedia-rekening gesluit. Hy het ook gesê sy is gehok (*grounded*).
- 3 Redelinghuys het later in haar reaksie gesê: "Ek wil net my kant stel. Ek het nie die selfies geneem terwyl ek bestuur het nie. Ek was ook nie op die N3-hoofweg nie. Ek aanvaar verantwoordelikheid vir my dade en vra dat die publiek my vergewe. Ek wil ook mense aanraai om nie dieselfde te doen nie. Ek wil graag my pa om verskoning vra omdat hy nou met die gemors opgeskeep sit. Hy doen soveel vir my en ek het hom teleurgestel."

[Verkort en verwerk uit: *Beeld*, Vrydag 10 April 2015]

- 1.1 Hoekom, dink jy, het die eerste leesteks **twee titels**? Sê kortliks. (1)
- 1.2 Haal 'n gedeelte van 'n sin aan wat die woord "**selfie**" verduidelik. (1)
- 1.3 Hoekom, volgens Nicci Redelinghuys, is sy so 'n **goeie motorbestuurder**? (1)
- 1.4 Daar is twee foto's van Nicci in haar motor. Watter een, dink jy, is die eerste foto op Facebook waaroor mense woedend is? Gee ook '**n goeie rede** hoekom jy so sê. (2)
- 1.5 Hoe het Nicci Redelinghuys, volgens die eerste artikel, reageer toe die nuusmedia haar oor haar gedrag uitgevra het? (1)
- 1.6 Nicci het haar storie 'n dag later verander. Verduidelik hierdie stelling kortliks. (2)
- 1.7 Nicci se pa het sy dogter gestraf vir wat sy gedoen het. Hy het haar onder meer "gehok". Waarom sou Nicci in elk geval nie met haar eie motor kon ry nie? Gee net die **spesifieke rede**. (1)
- 1.8 Watter **enkele woord** in die tweede artikel dui aan dat Nicci meer as een selfie geneem het? (1)
- 1.9 "Ek glo ek het baie skade aangerig en op die harde manier 'n les geleer." Op watter "harde manier", behalwe haar pa se straf, het Nicci haar les geleer? (1)
- 1.10 "Dit het die Departement van Vervoer in KwaZulu-Natal en ook talle gemeenskapsveiligheidsgroepe omgekrap ..." Noem een van hierdie **gemeenskapsveiligheidsgroepe** wat in die tekste genoem word. (1)
- 1.11 Om watter rede skuld Nicci haar pa 'n verskoning vir haar onverskillige optrede? Kies jou antwoord uit die volgende moontlikhede:
- A Hy moes 'n swaar boete vir sy dogter se oortreding betaal.
- B Na die insident wou sy vriende niks meer met hom te doen gehad het nie.
- C Hy moes probeer vure doodslaan oor sy dogter se onvolwasse gedrag.
- D Sy motorlisensie is opgeskort omdat hy vir Nicci die motor gekoop het. (1)

[13]

VRAAG 2 KOERANTARTIKEL

Bestudeer die koerantberig hieronder en beantwoord dan die vrae wat daarop gebaseer is.

SKETS VAN MEISIE LEI TOT AFSpraak: "SY'S SELFS MOOIER AS OP FOTO'S"

(Links: Pieter van der Merwe se skets van Jozanne Maritz, wat hy op Facebook geplaas het. Foto: Facebook)

- 1 Die meisie wat hy geskets het, is "baie mooier in die regte lewe as op foto's". Só sê Pieter van der Merwe (25) nadat hy en Jozanne Maritz (21) verlede Woensdag op hul eerste afspraak by Cubaña in Stellenbosch was.
- 2 Pieter, 'n nywerheidsontwerper in Somerset-Wes, het Jozanne, 'n derdejaarstudent in grafiese ontwerp aan die Prestige Academy in Bellville, se foto op Instagram gesien en vir hom was dit liefde met die eerste oogopslag. Hy het 'n skets van haar gemaak met die hoop dat hy haar kan ontmoet en dit vir haar as geskenk kan gee.
- 3 "Ek wou net persoonlik vir haar sê sy is die mooiste mens wat ek nog ooit gesien het."
- 4 Hul eerste afspraak het, volgens Pieter, baie goed afgeloop. "Ek was verskriklik op my senuwees. Ek het nog nooit so gestres nie," sê hy. Hy sê al die 'hype' rondom sy skets van haar het hom net meer gespanne gemaak. "Maar ek dink die afspraak het uitstekend verloop en ek hoop ons kan dit weer doen."
- 5 Hy sê hulle gesels gereeld as vriende. "Daar is niks ernstigs nie, maar ek hoop dat ons in die toekoms meer as net vriende sal kan wees. Dis die plan ..." Sy hou baie van die skets wat hy vir haar gegee het. "Sy is mal daarvoor en was vol komplimente."
- 6 Jozanne stem saam dat die afspraak "baie aangenaam" was. "Ons albei was baie senuweeagtig, maar ons het lekker gesels en hy is 'n baie gawe en opregte ou." Sy sê sy weet nie of daar dalk 'n verhouding vir hulle voorlê nie. "In dié stadium kan ons nie meer as vriende (wees) nie, want daar is nog goed wat ek moet uitsorteer. Maar ons gesels so af en toe."

[Verwerk uit: *Beeld*, 5 Mei 2015]

- 2.1 Pieter van der Merwe het die skets wat hy van Jozanne Maritz gemaak het op sy Facebookblad geplaas. Op **watter sosiale netwerk** het hy vir Jozanne die eerste keer gesien? (1)
- 2.2 Pieter sê dit was "liefde met die eerste oogopslag" toe hy Jozanne se foto gesien het. Waarom het hy toe die skets van haar gemaak? Sê kortliks. (1)
- 2.3 Dit lyk asof Pieter en Jozanne albei **kreatiewe** mense is. Hoekom kan ons só sê? (1)

- 2.4 "Ek het nog nooit so gestres nie." Watter **enkele woord** in die teks beteken dieselfde as "gestres"? (1)
- 2.5 Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is en haal 'n sin aan om jou antwoord te motiveer.
- Pieter en Jozanne het weer kontak gehad na hul eerste afspraak. (2)
- 2.6 Pieter en Jozanne dink skynbaar **nie** dieselfde oor hulle verhouding in die toekoms nie. **Verduidelik** hierdie stelling in jou eie woorde. (1)
- [7]**

VRAAG 3 VISUELE TEKS

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Die onderstaande spotprent het in *Die Burger* verskyn nadat die regering voorgestel het dat Suid-Afrika nuwe tydsones moet kry as gevolg van beurtkrag (krag wat afgeskakel word).



[Uit: *Die Burger*, 7 Januarie 2015]

- 3.1 Die vrou aan die linkerkant sê dat sy en haar man, Bartel, in "twee totaal verskillende tydsones" leef.
- 3.1.1 Hoe kan 'n mens dit sien as jy na hulle **kleredrag** kyk? Noem **een feit** oor haar klere en **een feit** oor haar man se klere. (2)
- 3.1.2 Waarom gebruik sy spesifiek die woord "tydsones"? (1)
- 3.2 Die hond tussen die twee vrouens se bek is oop. **Waarom**, dink jy, sit hy só? (1)
- 3.3 Gee **een woord** om die tweede vrou wat staan en luister se gesigsuitdrukking te beskryf. (1)
- 3.4 Die twee paartjies geniet drankies voor ete. Hoe kan jy sien dat hulle later 'n ete gaan geniet? (1)
- 3.5 3.5.1 Wat het die gasvrou gedoen om die vertrek mooier of eleganter te laat lyk? Noem een ding. (1)
- 3.5.2 Wat sal die gasheer later kan doen om die kamer warmer te maak? (1)
- 3.6 In die twee bakkies op die koffietafel is daar eetgoed. Watter soort eetgoed is dit waarskynlik? Gee **een Afrikaanse woord** om te sê wat dit moontlik kan wees. (1)
- 3.7 Hoe weet ons dat Bartel moontlik 'n universiteitskwalifikasie het? (1)

[10]

30 punte

AFDELING B OPSOMMING**VRAAG 4**

Lees eers die volgende inligting en voltooi daarna jou opsomming.

Julle moes verlede Saterdag jul Afrikaans-mondeling by die skool gaan doen omdat die onderwyser nie gedurende die week tyd daarvoor gehad het nie. Elkeen het 'n spesifieke tyd gekry om daar te wees en almal is die dag voor die tyd weer daaraan herinner.

Op die dag van die mondeling-eksamen het ses leerders egter nie opgedaag nie en ook nie laat weet dat hulle nie daar kon wees nie. Die onderwyser was baie kwaad en het gesê dat elkeen 'n nota van die huis af moet bring om te sê hoekom hy/sy dit nie kon maak nie.

Hier volg die ouers se redes in hulle notas hoekom hulle kinders nie opgedaag het nie. **Jy moet net VYF ouers se verskonings opsom. Kies die vyf redes wat jy die beste sal kan opsom.**

Skryf die ouer se woorde in die nota in een sin (sien instruksies onderaan die bladsy).

- "Johan Verster het tot laat die vorige aand aan sy toespraak gewerk en toe hy gaan slaap het, het hy sy wekker gestel, maar hy het dit nie hoor afgaan nie en toe verslaap. Hy was geskeduleer om sy toespraak eerste te doen, maar toe hy wakker word, was sy bespreekte tyd reeds verby."
- "Celia Schoombie-hulle het die vorige aand beurtkrag gehad. Hulle het nie 'n kragopwekker nie en moes vyf ure in die donker deurbring. Toe die krag eers ná tienuur daardie aand aankom, was dit te laat om nog haar voorbereiding vir die mondeling-eksamen te doen."
- "Lerato Morabe se oupa in Kaapstad het baie siek geword en haar ouers moes die vorige aand daarheen vlieg. Sy het geen vervoer gehad om haar Saterdag skool toe te bring nie, want haar ouer suster moes 'n eksamen by die universiteit gaan skryf."
- "Nellie van As het die datum en tyd op haar selfoon ingevoer om haar daaraan te herinner, maar dit per ongeluk uitgevee toe sy 'n ander selfoonboodskap wou uitvee. Toe sy dié fout die vorige aand ontdek het, was dit al te laat om 'n vriend of vriendin te kontak."
- "Stephen MacBride het die datum van sy Afrikaans-mondeling met dié van sy Engels-mondeling, wat eers oor twee weke is, verwar. Hy het skynbaar nie behoorlik geluister toe die Afrikaans-onderwyser hulle herhaaldelik aan die datum herinner het nie; hy het ook nie die datum in sy dagboek aangeteken nie."
- "Patrick Ingram was vir 'n maand oorsee en het eers verlede week teruggekom en van die mondeling gehoor. Hy het nie genoeg tyd gehad om navorsing oor die onderwerp te doen én 'n praatjie voor te berei nie. Hy was van plan om dit Maandag vir die onderwyser te sê, maar hy het vergeet."

- *Som elke rede en die implikasie daarvan in een goeie volsin op soos die leerder se ouer (ma of pa) dit in die verskoningsbriewe geskryf het. Hou slegs by die feite en noem elke keer die rede én die implikasie.*
- *Jou vyf notas moet altesaam ongeveer 70 woorde lank wees. (Minimum 60 woorde; maksimum 80 woorde.)*
- *Nommer jou sinne van 1 tot 5 en laat 'n reël tussen elke rede oop.*
- *Onthou om 'n woordtelling te gee.*
- *Doen eers deeglike beplanning, maar onthou om jou beplanning dood te trek.*

10 punte

AFDELING C POËSIE**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG****WAT DIE DIGTER BEDOEL HET** – Marietjie Vos
met toepaslike halfrym en versteekte bedoelings

- 1 Die d-alliterasie in die eerste reël dui op 'n dringendheid
2 Dis wat die digter bedoel het
- 3 Let op die inkeping van elke tweede reël in die tweede strofe
4 Dis natuurlik daar om die spreker se angstigheid te beklemtoon.
5 Het dit nie dalk net vir hom mooi gelyk nie
6 Ekskuus Du Plessis het jý miskien die BA
- 7 Botha hoe voel jy oor die bedoeling van die oe-assonansie
8 Die digter was seker 'n amateur
9 Analfabeet! Dit moes die digter doen om die soel gevoel weer te gee
- 10 Jy daar in die agterste ry
11 Verduidelik waarom juis 'n groen perske
12 Juffrou dit is 'n metafoor vir 'n jong meisie wat nog nie
13 Probeer jy kru wees Van Der Merwe los jou vuil gedagtes by die huis
- 14 Van Tonder waarom dink jy bevat die gedig geen leestekens nie
15 seker vir effek juffrou
16 het jy nog niks geleer nie
17 jy moet sê dis om die onrustigheid van die spreker uit te lig
- 18 alliterasie vir beklemtoning
19 assonansie om min of meer dieselfde rede
20 tipografiese inkeping om die spreker se gemoedstoestand te weerspieël
21 vrye vers om al die bogenoemde te doen
22 en 'n swembad om in te verdrink as alles net te veel raak
- 23 As die klok lui marsjeer ons daar uit
24 Ons kan tevrede sê
25 Ons verstaan nou hierdie gedig.

5.1 "**alliterasie** vir beklemtoning" (reël 18)

Haal 'n voorbeeld van alliterasie vir beklemtoning aan. Dui die alliterasie duidelik aan deur die **letters te onderstreep**. (1)

5.2 "**assonansie** om min of meer dieselfde rede" (reël 19)

Watter voorbeeld van assonansie gebruik die onderwyseres om dit te beklemtoon? Dui die assonansie duidelik aan deur die **letters te onderstreep**. (1)

- 5.3 "**tipografiese inkeping** om die spreker se gemoedstoestand te weerspieël" (reël 20)
- 5.3.1 Watter woorde in die tweede strofe word tipografies ingekeep in die gedig?
Haal slegs die twee aparte woorde aan. (1)
- 5.3.2 Watter gemoedstoestand word, volgens die onderwyseres, deur hierdie inkeping aangedui? Gee slegs een woord as antwoord. (1)
- 5.4 "**vrye vers** om al die bogenoemde te doen" (reël 21)
- Noem **een** eienskap van 'n vrye vers. (1)
- 5.5 Watter enkele woord in die gedig verwys na 'n persoon wat nie kan lees of skryf nie? (1)
- 5.6 Watter sarkastiese alternatief is daar vir leerders wat nie die gedig verstaan nie? (1)
- 5.7 Haal elke keer '**n paslike versreël**' aan om aan te dui dat ...
- 5.7.1 die onderwyseres nie al die leerders in die klas se name ken nie. (1)
- 5.7.2 die onderwyseres dink dat sy baie slimmer as die leerders is. (1)
- 5.8 In die subtitel van hierdie gedig lees ons van "versteekte bedoelings". Watter versteekte bedoeling is daar in die **laaste reël** van die gedig? (1)
- [10]



www.shutterstock.com - 129111506

VRAAG 6**VOORBEREIDE GEDIG****TIENER-BLUES – Louise van Niekerk**

- 1 O, die kat knyp in die nag
 2 ja, die kat knyp in die nag –
 3 van bietjie vra, kom groot verwag!
 *
- 4 Die soet gedeelde ure
 5 o, die soet gedeelde ure.
 6 Hokaai nou, kind, hoor hoe skinder die bure!
 *
- 7 Die hart is gebreek
 8 ja, die hart is gebreek.
 9 Te laat kom jy agter
 10 daai angel kan steek.
 *
- 11 Die gezoem van die bye
 12 die gezoem van die bye.
 13 Te veel en te vroeg ...
 14 en vrot is die vye!
 *
- 15 Die visse in die see
 16 al die visse in die see.
 17 Vir watter vis, ek vra jou mooi,
 18 moet ek my liefde gee?
 *
- 19 Die nerd en die tang
 20 ja, die nerd en die tang –
 21 een gee my papelellekoors
 22 die ander maak my bang!
 23 Die kop en die lyf
 24 o, die kop en die lyf –
 25 die een is te macho
 26 die ander te verwyfd.
 *
- 27 Oppas, my meisie, hoe jy jou paadjie loop.
 28 'n Ou wat melk verniet kan kry
 29 sal selde koei wil koop.
 *
- 30 Mans is met die maan gepla
 31 met die wind en weer en see.
 32 As jy net bietjie sonskyn soek
 33 sal hy jou onweer gee!
 *
- 34 Jaag daai man, o jaag daai man,
 35 maar oppas as hy stop.
 36 Hy sal jou hormoonkoors gee
 37 en smokkel met jou kop.
 *
- 38 Die ou het my gelos
 39 ja, die ou het my gelos.
 40 goedkoop gekry, maar duur gekos.
 *

- 6.1 **Verduidelik kortliks** wat die **idiomatiese uitdrukking** "die kat in die donker knyp" in dié konteks beteken. (1)
- 6.2 In strofe 4 lees ons van die "gezoem van die bye". Watter gevaar hou bye volgens strofe 3 in? (1)
- 6.3 In strofe 5 (reëls 15 – 18) lees ons van visse. Kry ons hier 'n voorbeeld van denotasie of konnotasie? Gee 'n rede hoekom jy so sê. (1)
- 6.4 **Haal twee waarskuwings aan** (een versreël elk) wat die spreker in hierdie gedig direk tot die tienermeisie rig. (2)
- 6.5 Haal **twee kontraswoorde** uit strofe 8 aan. (1)
- 6.6 Ons lees in reël 28 van 'n "ou".

Na watter soort ou word hier verwys? Kies jou antwoord uit die volgende moontlikhede en skryf net die **letter** neer:

- A 'n Ou wat 'n meisie met respek behandel.
- B 'n Ou wat nie belangstel in 'n vaste verhouding nie.
- C 'n Ou wat meisies laat gril omdat hy 'n tang is.
- D 'n Ou wat nie omgee om meisies se harte te breek nie. (1)
- 6.7 Haal **twee aparte woorde** wat "wees versigtig" beteken aan. (2)
- 6.8 Ons lees in die laaste strofe:

"Die ou het my gelos,
ja, die ou het my gelos."

Watter effek het dit op die arme meisie gehad toe die ou haar gelos het? Soek jou antwoord in die derde strofe, maar **moenie woordeliks aanhaal nie**. (1)

[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG**OU MAN IN PARK – T.T. Cloete**

- 1 die ou man loop deur die park
 2 elke dag hy trap met sy blink skoene
 3 hoog versigtig hy staan en sondeer die seisoene
 4 en kyk hoe die tuinier die blare bymekaarhark
- 5 ons ken die dag van die week aan sy drag
 6 swart vir Sondag vir Maandag blou
 7 ensovoort hy moet daarmee rekening hou
 8 dat die dood van ons waardigheid verwag

[SKAKERING. Tafelberg Publishers Ltd. 1997 (Saamgestel deur: Opperman, D.J. en Coetzee, G.H.J.)]

sondeer	<i>to examine/study</i>
rekening hou	<i>to take into consideration</i>
waardigheid	<i>dignity</i>

- 7.1 Die spreker gebruik nie **punktuasie** in hierdie gedig nie. Hoe dui hy **ruspouses** aan? (1)
- 7.2 Hoekom, dink jy, moet die ou man **hoog en versigtig** trap terwyl hy deur die park stap? (1)
- 7.3 Die ou man 'sondeer' die seisoene –
- 7.3.1 Watter **seisoen** 'sondeer' hy in hierdie gedig? (1)
- 7.3.2 Hoe weet ons dit? (1)
- 7.3.3 Watter seisoen word gewoonlik met die **dood** geassosieer? (1)
- 7.4 Hoekom het die spreker nie nodig om op 'n kalender te kyk watter dag van die week dit is nie? Sê kortliks. (1)
- 7.5 **Watter woord** gebruik die spreker omdat hy nie alles wil opnoem nie? (1)
- 7.6 Die kleur **blou** word tradisioneel met 'n Maandag geassosieer. Wat **insinueer** hierdie beskrywing omtrent 'n Maandag? (1)
- 7.7 Die ou man het deur die park kom stap, maar sy klere is te **formeel** hiervoor. Hoekom, dink jy, dra hy sulke deftige klere park toe? Sê kortliks. (1)
- 7.8 Watter **rympatroon** kry ons in hierdie gedig? Kies jou antwoord uit die volgende moontlikhede:
- A paarrym
 B omarmde rym
 C kruisrym
 D gebroke rym (1)

[10]**30 punte**

AFDELING D TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Bestudeer die strokiesprent hieronder en skryf dan die sinne wat daarop gebaseer is oor soos aangedui. Moenie die basiese betekenis van die sinne verander nie.



[Uit: Rapport, 18 Januarie 2015]

8.1 Tradisionele skoolhandboeke sal elke dag werk. Hulle het nie elektrisiteit nodig nie.

Tradisionele skoolhandboeke wat ... (1)

8.2 Die man kondig aan: "Ons stel beurtkrag-bestande skoolhandboeke bekend!"

Die man kondig aan dat ... (1)

8.3 Jy gebruik nie elektrisiteit vir hierdie boeke nie.

Jy hoef ... (1)

8.4 Baie skole gebruik nou tablette om papier te bespaar.

Baie skole gebruik nou tablette sodat ... (1)

8.5 Die krag gaan af en die tablette kan nie gebruik word nie.

Toe ... (1)

8.6 Party skole gebruik gewone handboeke, dus het hulle nie kables nodig nie.

In die verlede ... (1)

8.7 Die skool het tablette vir al die leerders gekoop. Eskom het elke dag met ure se beurtkrag begin.

Die skool het tablette vir al die leerders gekoop voordat ... (1)

8.8 Het jy al gehoor van 'n tablet wat geen virusse het nie?

Nee, ... (1)

8.9 Skoolhandboeke is by boekwinkels beskikbaar, want daar kom baie donker dae.

Volgende jaar ... (1)

8.10 Leerders moet dadelik gewone skoolhandboeke koop om vir beurtkrag voorsiening te maak.

Gewone skoolhandboeke ... (1)

8.11 Inhoud word vooraf deur die skool gelaai om die leerders te help.

Die skool ... (1)

8.12 Baie skole het tablette vir die leerders gekoop, maar hulle kan dit nie gebruik nie.

Al ... , kan hulle dit nie gebruik nie. (1)

[12]

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Baie skole in **9.1 (S.A. – skryf in woorde)** is besig om na tablette toe oor te skakel. Tog is daar skole wat **9.2 (beslis – gee 'n sinoniem)** nie gaan oorskakel nie. Die sukses hang van die **9.3 (onderwysers – vroulike vorm)** af. Hulle sal **9.4 (elke dag – een woord)** innoverende lesse moet voorberei, en dit gaan nie so **9.5 (maklik – antoniem)** wees nie. Waar leerders **9.6 (vroeg – gee die vergrotende trap)** met penne en **9.7 (potlood – gee die meervoud)** moes regkom, sal hulle nou elke dag moet seker maak dat hulle **9.8 (baie nuwe – intensiewe vorm)** tablette gelaai is en al die Toepassings het wat hulle **9.9 (nodig het – een woord)**.

'n Mens **9.10 (respek – afgeleide werkwoord)** die skole se besluite en hoop dat dit suksesvol sal wees. Maar die dae wanneer daar beurtkrag gaan wees, **9.11 (m.a.w. – skryf voluit)** wanneer daar geen elektrisiteit gaan wees nie, sal leerders maar weer hul **9.12 (oog – meervoud)** moet oophou vir gewone papierboeke. Ons weet hulle is **9.13 (nie skuldig nie – een woord)**, maar dis ongelukkig die realiteit waarmee Eskom ons gelos het. Die mense **9.14 (wat/wie – kies die korrekte woord)** hierdie besluite geneem het, het te lank geneem om 'n oplossing te soek.


Dit sal **9.15 (interesting – gee die korrekte Afrikaans)** wees om te sien hoe skole hierdie probleem gaan **9.16 (behandel/handel/hanteer – kies die korrekte woord)**.

[8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

'n Leser het onlangs 'n brief aan *Volksblad* geskryf waarin sy kla oor die min klere en die gesoenery van skoolkinders by 'n swemgala. Die volgende spotprent het toe in *Volksblad* van 27 Januarie 2015 verskyn. Bestudeer die spotprent en voltooi dan die instruksies onderaan die spotprent.

Elke respons moet tussen 15 en 20 woorde lank wees. Jy mag een of twee sinne oor elkeen skryf.



[Uit: *Volksblad*, 27 Januarie 2015]

- 10.1 Die vrou by praatborrel 1 is baie **ontsteld** oor die kinders langs die swembad se klere en hul geveryery. Wat sê sy vir haar man om haar **woede en ontsteltenis** uit te spreek? (2)
- 10.2 Haar man **hou die kinders** deur sy verkyker **dop** (praatborrel 2) en dink sy vrou kla onnodig. Wat sê hy vir sy vrou **om haar te kalmeer**? (2)
- 10.3 Die figuurtjie by praatborrel 3 **sien dat** haar kêrel sy armspiere probeer bult. Wat sê sy vir hom **om hom te terg**? (2)
- 10.4 Die seun by praatborrel 4 dink baie van homself en **spog oor sy prestasies**. Wat sê hy wat aandui **dat hy dink hy is beter as ander**? (2)
- 10.5 Die meisie by nommer 5 is **baie positief** oor die item waarin sy gaan swem. Wat dink sy terwyl sy besig is om gereed te maak om in te duik? (2)

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n Antwoordboekie van 3 bladsye (i – iii) in die middel van die vraestel. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Verwyder die Antwoordboekie uit die middel van jou vraestel. Skryf dadelik jou eksamennommer op die los Antwoordboekie. Onthou om dié Antwoordboekie saam met jou antwoordboek in te lewer.
 3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

Afdeling A – Letterkunde (60 punte)
Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (40 punte)
 4. Beantwoord slegs EEN voorgeskrewe werk in AFDELING A:

Vraag 1 – 4: *Onderwêreld* (Fanie Viljoen)
Vraag 5 – 8: *Willem Poprok* (Derick van der Walt)
 5. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 6. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 7. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 8. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-

AFDELING A LETTERKUNDE



INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **SLEGS** die vrae oor die voorgeskrewe werk wat **JULLE BEHANDEL** het.
2. Beantwoord **AL VIER** die vrae oor jou voorgeskrewe werk.
3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.
4. Beantwoord **Vraag 3** (*Onderwêreld*) en **Vraag 7** (*Willem Poprok*) in die los Antwoordboekie.

BEPLANNING (*Vir paragrawe en langer skryfstukke*)

1. Dit is 'n goeie idee om 'n opstel, paragraaf of langer skryfstukke te beplan voordat jy dit neerskryf.
 - (a) Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan.
 - (b) *Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*
2. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag.
3. Skryf die aantal woorde aan die einde van elke langer vraag neer.

VOORBEELD:

<p>BEPLANNING</p> <p>(linkerkantse bladsy)</p>  <p>(Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie)</p>	<p>VRAAG 1</p> <p>(regterkantse bladsy)</p>  <p>Bv. 205 woorde</p>
---	--

ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen

Daar is vier vrae oor *Onderwêreld*. Beantwoord al vier hierdie vrae.

VRAAG 1

Lees die onderstaande uittreksel en voer dan die opdrag uit.

Gelukkig is my pa nie nou hier nie. Dis net ek en my ma in die kar. Ek maak die sitplekgordel los en leun met my kop teen die venster langs my om by die venster uit te kyk. Weerskante van die geteerde pad is 'n laning bome wat met hul lae takke oor ons reik.



[Bladsy 15]

1.1 Beantwoord die volgende vrae puntsgewys:

- 1.1.1 Gee die naam van die skool waarheen Greg en sy ma op pad was. (1)
- 1.1.2 Hoe het Greg daarvoor gevoel om na dié skool terug te keer? (1)
- 1.1.3 Waarom was Greg bly sy pa was nie saam met hulle nie? (1)
- 1.1.4 Gee DRIE redes vir konflik tussen Greg en sy pa oor Greg se skoollewe. (3)

Terug in die koshuis. Die plek is verlate en pynlik stil. Magteloos. Dis hoe ek nou voel teen die skool en Dok Pienaar. Ek het my toys uit die cot gegooi, maar uiteindelik beteken dit niks. Dok is reg, daar is ander ouens wat vleuel kan speel vir die eerste span. Dalk nog beter as ek.

[Bladsy 44]

- 1.2 1.2.1 Noem DRIE voorbeelde van konflik tussen Greg en Dok Pienaar in die verhaal. (3)
- 1.2.2 Waarom wou die skool Eckardt se verdwyning geheim hou? (1)
- 1.2.3 Noem TWEE maniere hoe Greg die skool probeer forseer het om na Eckardt te soek. (2)
- 1.2.4 Noem DRIE moontlike verklarings/redes wat gegee is vir Eckardt se verdwyning. (3)

[15]

VRAAG 2

Lees die onderstaande uittreksel en voer dan die opdrag uit.

En toe kom die vrae: Hoe, wie, waar, wat? Ek vertel dat ek en Eckardt bevriend geraak het vroeër die jaar. Dat hy nuut was in die skool. Ek het hom rondgewys. Ons was in dieselfde klasse, het dieselfde vakkeuse gehad.

[Bladsy 97]

- 2.1 Die vriendskap tussen Greg en Eckardt het Eckardt se lewe omgekrap en uiteindelik het dit Greg se lewe negatief beïnvloed.

Gebruik die diagram en skryf 'n paragraaf van tussen 80 en 120 woorde oor:

"Die negatiewe gevolge van Greg se vriendskap met Eckardt."

(9)

- 2.2 Hoe het die polisie te wete gekom van die vriendskap tussen Greg en Eckardt en waarom was die inligting vir die polisie belangrik? (2)
- 2.3 Watter TWEE positiewe gevolge het Greg se vriendskap met Eckardt gehad? (2)
- 2.4 'n Verhaal kan gewoonlik volgens 'n sekere genre gekwalifiseer word. Kies uit die volgende lys die mees toepaslike kwalifikasie/beskrywing van *Onderwêreld* en motiveer jou keuse deur na die verhaal te verwys.
- Komedie
 - Liefdesverhaal
 - Spanningsverhaal
 - Riller

(2)
[15]

VRAAG 3

Hierdie vraag verskyn in die Antwoordboekie.

Sersant Botha is besig om sy finale verslag oor die gebeure te skryf en vra Greg 'n paar vrae oor aspekte waaroor hy nog onseker is.

Opdrag:

Voltooi die gesprek tussen Greg en Sersant Botha in die Antwoordboekie deur Greg se woorde in te vul. Hou by die voorgeskrewe teks wanneer jy hierdie vraag beantwoord.

[10]


VRAAG 4

Gesagsfigure speel 'n baie belangrike rol in die verhaal.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van 250 – 350 woorde waarin jy die gesagsfigure (outoriteitsfigure) in die verhaal bespreek.

-
- Gebruik die ideekaart hieronder.
 - Volg die pyltjies om jou antwoord te formuleer.
 - Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
 - Jou opstel moet 'n inleiding en slot (slotsom) hê.
 - **Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf. Bv. 295 woorde**
-



Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (4)
[20]


60 punte

WILLEM POPROK – Derick van der Walt

Daar is vier vrae oor *Willem Poprok*. Beantwoord al vier hierdie vrae.

VRAAG 5

Lees die onderstaande uittreksel en voer dan die opdrag uit.



Too much information, dink Willem. Hy wil nie sy pa se geheime weet nie. Maar hy wonder tóg oor die somme.
 "Wag 'n bietjie." Oupa stop by die glasdeur en vroetel in sy broeksak. Hy haal dertig rand uit en druk dit in Willem se hemsak. "For a job well done."

[Bladsy 33]

5.1 Willem het, net soos sy pa, geheime gehad wat hy vir niemand vertel het nie. Noem DRIE dinge wat hy geheim gehou het. Voltooi die tabel hieronder. (Teken die tabel in jou antwoordskrif oor.) Skryf telkens in Kolom A die geheim en in Kolom B die rede waarom hy dit vir homself gehou het.

Kolom A	Kolom B
Willem het niemand vertel dat ...	Rede waarom hy niemand vertel het nie.
1.	1.
2.	2.
3.	3.

(6)

"Ons moet by die opstel begin," sê Coenie beslis. "Ons moet strategies dink. Ons moet een ding op 'n slag doen."

[Bladsy 56]

- 5.2 5.2.1 Wie het die eerste opstel oor Pa vir die kompetisie geskryf? (1)
 - 5.2.2 Hoe het Willem-hulle van die kompetisie gehoor en wat was die prys wat die familie kon wen? (2)
 - 5.2.3 Noem DRIE positiewe aspekte oor Pa wat in die opstelle genoem is. (3)
 - 5.2.4 Noem DRIE negatiewe dinge oor Pa wat in die opstelle genoem is. (3)
- [15]**

VRAAG 6

Lees die onderstaande uittreksel en voer dan die opdrag uit.

"Dit hoef net 'n ou kleintjie te wees," sê Willem.
Sy pa kyk onbegrypend na hom.
"Die tatoe," sê Willem. Hy kyk leedvermakerig na sy broers, wat skielik met ander oë na hóm kyk.

[Bladsy 128]

- 6.1 As jongste broer het Willem 'n moeilike verhouding met sy broers gehad. Skryf 'n paragraaf waarin jy Willem se verhouding met sy broers bespreek. Gebruik die diagram en skryf 'n paragraaf van tussen 80 en 120 woorde.

The diagram is a vertical blue bar on the left side, featuring a white zigzag pattern. To the right of this bar, there are seven horizontal white boxes with blue outlines, stacked vertically. These boxes are intended for the student to write a paragraph of 80 to 120 words.

- 6.2 Noem twee items wat Willem in sy kamer weggesteek het. (2)
- 6.3 Gee twee bewyse dat Willem 'n goeie verhouding met Lydia gehad het. (2)
- 6.4 'n Verhaal kan gewoonlik volgens 'n sekere genre gekwalifiseer word. Kies uit die volgende lys die mees toepaslike kwalifikasie/beskrywing van *Willem Poprok* en motiveer jou keuse deur na die verhaal te verwys.
- Komedie
 - Liefdesverhaal
 - Spanningsverhaal
 - Riller

(2)
[15]

VRAAG 7

Hierdie vraag verskyn in die Antwoordboekie.

Konstabel Khumalo is besig om sy finale verslag oor die rooftog te skryf en vra Willem 'n paar vrae waaroor hy nog ietwat onseker is.

Opdrag:

Voltooi die gesprek tussen Willem en Konstabel Khumalo in die Antwoordboekie deur Willem se woorde in te vul. Hou by die voorgeskrewe teks wanneer jy hierdie vraag beantwoord.

[10]


VRAAG 8

Rolmodelle speel 'n baie belangrike rol in die verhaal.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van 250 – 350 woorde waarin jy die rolmodelle in die verhaal bespreek.

-
- Gebruik die ideekaart hieronder.
 - Volg die pyltjies om jou antwoord te formuleer.
 - Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
 - Jou opstel moet 'n inleiding en slot (slotsom) hê.
 - **Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf. Bv. 295 woorde**
-



Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

(4)
[20]

60 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoorde voordat jy jou finale antwoord neerskryf.

LET WEL:

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van die vereistes van die spesifieke skryftaak
- interpretasie van die opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik
- beplanning

VRAAG 9 E-POS

Situasie: Jy het 'n e-pos ontvang van 'n liefdadigheidsorganisasie waarin lesers gevra word om idees/voorstelle aan te bied oor hoe om behoeftige/arm kinders in die gemeenskap te help.

Opdrag: Jy het 'n idee vir 'n projek om arm kinders te help.
Skryf 'n e-pos aan 'Kom Ons Help' om hulle van hierdie idee te vertel.

Jy wil hulle inlig oor:

- wie jy is
- watter mense deur hierdie plan gehelp sal word
- wat die plan is (beskryf die plan)
- hoe die arm kinders deur hierdie projek gehelp sal word



Skryf jou idees in 'n e-pos neer.

Jy kan die volgende struktuur gebruik:

Aan	voorstelle@hulp.co.za
Van	
Onderwerp	
Boodskap	

Onthou:

- Skryf die e-pos in die voorgestelde formaat neer.
- Spreek al die aspekte in die opdrag aan.
- Skryf die aantal woorde neer. (bv. 195 woorde)

Die inhoud van jou e-pos moet tussen 150 – 250 woorde lank wees. Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.

[30]

VRAAG 10 RESENSIE

Die plaaslike Afrikaanse koerant het jou genader om 'n resensie te skryf oor een van jou voorgeskrewe Engelse boeke of 'n Engelse boek wat jy gelees het.

**Opdrag:**

Skryf 'n resensie oor die Engelse voorgeskrewe boek of 'n Engelse boek wat jy gelees het.

- Gee jou resensie 'n oorspronklike titel.
- Gee 'n kort oorsig oor die verhaal.
- Lig 'n positiewe aspek van die boek uit.
- Lig 'n negatiewe aspek van die boek uit.
- Spreek jou opinie uit oor die sukses van die boek.
- Onthou om jou resensie in Afrikaans te skryf.

Die inhoud van jou skryfstuk moet tussen 60 – 120 woorde lank wees. Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.

[10]**40 punte****Totaal: 100 punte**

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 2½ uur

100 punte

ANTWOORDBOEKIE

1. Onthou om jou eksamennommer op hierdie Antwoordboekie in te vul.
 2. Onthou om die Antwoordboekie binne-in jou antwoordskrif te plaas voordat jy dit ingee.
-

VRAAG 3

ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen

- 3.1 Sers. Botha: Waarom het jy gedink dat Eckardt se ouers baie invloedryk moes gewees het?

Greg: _____
_____ (1)

- 3.2 Sers. Botha: Wat was die kaper-skuilname wat jy en Eckardt gebruik het?

Greg: _____
_____ (2)

- 3.3 Sers. Botha: Wie was Eckardt se handlanger/helper by die skool? Hoe het hy Eckardt by die skool met sy plan gehelp?

Greg: _____

_____ (2)

3.4 Sers. Botha: Waarom het jy nie dadelik met die polisie kom praat toe jy uitgevind het van die plan nie?

Greg: _____

_____ (1)

3.5 Sers. Botha: Wat was 'The baker' se rol in die plan?

Greg: _____

_____ (1)

3.6 Sers. Botha: Hoe het jy geweet dat jou pa deel van die komplot was?

Greg: _____

_____ (1)

3.7 Sers. Botha: Wat was jou pa se rol in die komplot?

Greg: _____

_____ (1)

3.8 Sers. Botha: Hoekom het jou pa dit gedoen?

Greg: _____

_____ (1)
[10]

VRAAG 7

WILLEM POPROK – Derick van der Walt

7.1 Konstabel Khumalo: Waar en wanneer het die rooftog plaasgevind?

Willem: _____
_____ (2)

7.2 Konstabel Khumalo: Watter wapen het een van die rowers gehad?

Willem: _____
_____ (1)

7.3 Konstabel Khumalo: Wat was Franna se reaksie tydens die rooftog en wat was die gevolg daarvan?

Willem: _____
_____ (2)

7.4 Konstabel Khumalo: Wat het jou pa gedoen toe hy besef het die rower gaan skiet?

Willem: _____
_____ (1)

7.5 Konstabel Khumalo: Wie het jou hospitaal toe geneem?

Willem: _____
_____ (1)

7.6 Konstabel Khumalo: Watter besering het Franna opgedoen?

Willem: _____
_____ (1)

7.7 Konstabel Khumalo: Hoe het die rooftog Franna beïnvloed?

Willem: _____
_____ (1)

7.8 Konstabel Khumalo: Met wie het julle oor die trauma gaan gesels om julle te help?

Willem: _____
_____ (1)

[10]